

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 116:1, 8 (p. 569)

- 1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.
- 8 Al my geloftes, uitgespreek in nood, / sal ek betaal as ek voor U mag nader
en met u gunsvolk in u huis vergader. / Hoe kost'lik, Heer, is in u oog hul dood!

Gebed

- *Doksologie:*
 - *Aanbidding:*
 - *Skuldbelydenis:*
 - *Vergifnis:*
 - *Dank:*
 - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
 - *Algemene bede:*
 - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

Psalm 25:1, 5 (p. 115)

- 1 Tot U hef ek hart en hande; / op U, HEER, verlaat ek my;
laat die vyand oor my skande, / oor my val, hom nooit verbly.
Ja, U sal hul nooit verlaat / wat in u vertrou wandel,
maar U dek hul met u smaad / wat hier trouelooslik handel.
- 5 Ja, Gods weg is goedheid, klaarheid, / en sy weg altyd getrou
vir wie wandel in sy waarheid / en op sy beloftes bou.
Wil my dan, u Naam ter eer, / al my sondeskuld vergewe;
want ek het teen U, o HEER, / swaar en menigmaal misdrewe!

Skriflesing: Mattheüs 24

Teks: Mattheüs 24:13

Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.
(Mattheüs 24:13 AFR1953)

Die sekerlik gepas dat ons aan die einde van die jaar besin oor die toestand van ons
wêreldgeskiedenis en ook waar ons daarin staan.

- Ons wil graag die versekering hê dat ons die verskriklike dinge van die laaste dae sal
oorleef, want die Here sê self dat dit dae gaan wees waarin geweld en kwaad tot die
uiterste toe gedryf gaan word.
- Ons sal die geweld en die verwoesting van die eindtyd net kan oorleef as ons weet
dat God saam met ons daarin is en ook hoe Hy verwag dat ons in daardie tyd sal
moet optree.

Ons moet dit ook sien teen die feit dat ons reeds 'n geloofsverbond met God het in Jesus
Christus en dat ons verder nog 'n gelofte ook met God gesluit het dat ons die 16de
Desember as 'n Sabbat sal vier om te onthou dat Hy ons lewens gespaar en ons die
oorwinning gegee het in die slag van Bloedrivier.

Oor die algemeen het ons die beskouing dat die Here ons sal (en moet!) seën omdat ons gelowige Christene is.

- En as mens dan kyk na die gang van jou volk se geskiedenis en ook jou wêreld se geskiedenis, dan is dit asof ons geloof baie yl begin raak.
- Van die verlossing in Jesus Christus sien ons al hoe minder en van die geweld van die duiwel sien ons al hoe meer!

Dis asof die Bybel ook nog ons vrees vergroot, want as ons hierdie gedeelte saam lees, dan sien ons dat die Here hongersnode, rampe, verdrukking, siektes, gesinsmoorde (vader die seun en die seun sy vader aan die dood oorlewer) en net sommer baie smarte aan die einde laat gebeur. Dis ons tyd!

Maar nou moet ons met dieselfde gesindheid ons tyd benader as wat ons voorouers hulle tyd benader het.

- Ons moet besef dat God beskik oor die geskiedenis.
- Ons moet ook besef dat Hy ons bewaar.
- Maar dan moet ons ook darem net onthou hoe en waarvoor die Here ons bewaar!

Die Here bewaar ons nie net vir hierdie wêreld nie, want hierdie wêreld gaan verby.

- Hy bewaar ons om in die hiernamaals in sy koninkryk saam met Hom te wees.
- Hy bewaar ons dus hier op die aarde op so 'n manier dat ons geloof behoue bly, sodat ons, wanneer die aarde se tyd uitloop, saam met Hom in die hiernamaals opgeneem kan word.
- Dis die hoe en die waar wat ons elke dag in die voortgang van ons geskiedenis moet onthou.

Kom ons kyk nou teen die agtergrond van al die dinge wat ons nou net genoem het na die laaste dae en wat ons alles kan verwag volgens die Here se openbaring.

- Die eerste belangrike feit is dat ons nie kleingelowig of vol twyfel hoef te raak nie, want God gaan ons regop hou.
- Die Bybel sê dat ons gered sal word.
- Die redding sal verskaf word van bo ons kragte uit.
- God sal weer gee soos altyd.

Die konsekwensies daarvan is dat ons nie op ons eie kragte hoef staat te maak nie, want dié kan maar min druk vat.

- God sal aan die ware gelowiges die krag gee om onder die grootste druk en onder die geweldigste marteling nog steeds te bly glo.
- Dit is sekerlik genade in die duidelikste taal wat die Here dit vir ons kan stel.
- Hy spoor ons nou al aan tot volharding vir die stryd wat kom.
- Hy motiveer ons om die dinge met hemelse krag en insig in te wag en te oorwin.

Die tweede ding wat ons kan verwag, is dat valse godsdienste die gelowiges gaan verlei.

- Die Here het vir die dissipels gesê: Pasop dat julle nie mislei word nie!
- Daar sal mense kom wat self leer dat hulle die Christus is, of wat sal beweer dat hulle die ideologie het vir die ware verlossing.
- Dis almal mense wat in die Naam van die Here Jesus sal kom, maar wat vals is en wat net daarop uit sal wees om die gelowiges te mislei.

Dis miskien 'n baie onomlynde stelling van die saak, maar prakties beteken dit dat daar 'n groot aanslag op die kerk/gelowiges gaan kom en dat daar as gevolg daarvan baie valse kerke tot stand gaan kom.

- Een van die aanslae van ons tyd is die teologie van die rewolusie.
- Die magte wat teen die ware gelowiges veg en wat ons toekoms bedreig, gebruik dikwels dieselfde Bybel as ons.

Hulle sê dat hulle daarin lees dat die Here Jesus 'n opstandseier was.

- Hy het self geweld gebruik toe Hy die tempel twee keer skoongemaak het.
- Hulle lees in die Bybel dat Hy gekom het vir verdruktes in politieke sisteme – soos wat die Jode van sy tyd was.

Daarom glo hulle dat hulle God eer as hulle in ons geval deur middel van die kerk aanvalle loods op ons.

- Veral in ons tyd waarin daar baie mense is wat die verskil tussen kerk en politiek nie ken nie - erger nog dit wat rondom ons gebeur waar die politiek die kerk vir sy doeleindes gebruik en opkommandeer.
- In hierdie ry van vernietigers wat uit die kerk uit kom, staan onder andere die sogenaamde kerke en baie mense uit ons eie midde wat dinge in die Bybel begin lees wat tot nou toe nog vreemd was vir ons. Dis onder andere diegene wat sogenaamde vrede wil laat kom deur revolusie!

Die Here maak dus die dinge wat ons vandag beleef duidelik van die begin af: In die ellendes wat aan die einde van die tyd gaan plaasvind, staan die valse kerk sentraal.

- Lees net weer vers 11: Baie valse profete staan op en verlei die mense.
- Hulle lyk soos gelowiges en is lidmate en leiers in die kerk.
- Maar die gevolge van hulle werk in die kerk is dodelik!

Ons moet dus met baie groot versigtigheid luister na wat mense sê as hulle godsdiens praat.

- Veral seker in ons tyd waar baie kerke geen onderskeid kan maak tussen godsdiens en politiek nie.

Wat mens se asem 'n oomblik wegslaan, is dat die Here sê dat hierdie dinge self nog nie die einde is nie.

- Dis maar net die begin van die einde.
- Ons kan dus vermoed dat die dinge nader na die einde toe nog erger sal word.

Juis daarom is die aanspraak van hierdie gedeelte op ons so uiters ernstig.

- Ons moet nie liggelowig word nie. God beheer die geskiedenis.
- Maar ook juis daarom moet ons sorg dat ons nie saam met die donker magte verdwaal en die Bybel en die kerk tot oneer van God en tot ondergang van die wêreld gebruik nie.
- U sal dus u Bybel moet ken soos wat niemand in die geskiedenis dit nog geken het nie en u sal moet toets wat u hoor en u sal ook moet toets wie elke mens is met wie u saamlewe.

Die dinge gaan gebeur en is ook alreeds besig om te gebeur, want ons hoor al van die oorloë en gerugte van oorloë waarvan die Here praat – en ons is self daarby betrokke.

- Maar, waar pas ons by die dinge in? Dis die belangrike.
- Hoe gaan ons deur al hierdie gebeure?

Dit moet ons weet: Daar gaan hope spanning wees. Die Here se eie woorde is:

Dan sal hulle julle aan verdrukking oorgee en julle doodmaak, en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van My Naam. (Matthéüs 24:9 AFR1953)

Kom ons dink mooi wat die Here voorspel aangaande die einde:

- Alle helse magte gooi kragte saam en die mag van die mens en die natuur word saam gebruik – hongersnode, aardbewings en oorloë en haat.
- Erger kan dit nie.

Ons moet dus ons geloofshuis in orde kry en ons moet ook ons prioriteite agtermekaar kry, want hierdie hele proses van geweld en smart is terselfdertyd 'n proses waardeur die gelowiges gesuiwer word.

- Dit is geskryf in vers 10 dat baie mense deur hierdie proses tot struikeling gebring sal word en mekaar sal verrai en haat.
- Daar val dus van die sogenaamde gelowiges in saam met die mense en magte wat die verkeerde dinge doen.
- Dit beteken bloot dat hulle nie langer die druk en spanning wat oor hulle kom omdat hulle die Naam van Jesus bely, kan verduur nie.
- So verrai hulle God en hulle geloof.

Kyk weer wat gebeur – baie prakties.

- Die mense gaan doodgewoon 'n besluit neem oor wat hulle moet doen sodat die lewe vir hulle geriefliker word.
- Hulle gaan dus 'n uitweg volg waarin hulle nie hoef te ly nie.

Dis hoe eenvoudig dit van die mens se kant af gaan lyk.

- Maar van God se kant af sal dit 'n saak wees waarin hierdie mense afstand doen van die ewige lewe.
- Op hierdie manier kom die mense wat geloofsblind is aan die lig omdat hulle in hierdie krisissituasie uitgesif gaan word.
- Dis waarom die Here so dringend waarsku dat ons ons oë moet oopmaak en kyk hoe God sy oordeel en sy genade in die geskiedenis voltrek.

Die Here gee ook die rede waarom die mense so maklik teenoor mekaar verkeerd sal optree: Hulle liefde vir mekaar sal verkoel. Dit staan in vers 12 geskryf.

- Kom ons kyk net hoe pas ons daarby: Oorloë en aardbewings kom van buite af, maar die liefde van binne af – uit die mens uit.
- Dit maak die ellendes juis soveel erger, want as die mens eers van binne af so sleg geword het dat hy nie meer kan liefhê nie, dan kan mens verwag dat hy die hele aarde en sy geskiedenis in 'n groot stuk chaos gaan dompel.

Maar die Here het tog genade tussen al hierdie dinge deur.

- Die wat volhard tot die einde toe, sal gered word.
- Daar is dus volharding moontlik:
 - Volharding in liefde en geloof.
 - Volharding in die ware aanbidding.

In hierdie dinge breek die toekoms deur. Want hierdie dinge maak 'n toekoms oop wat groter is en met baie wyer horisonne as die aarde se toekoms.

- Die aarde se toekoms loop uit en word uiteindelik finaal afgesny met die wederkoms en dan begin die ewigheid.
- Dít is die toekoms wat eindeloos en onbeperk is omdat dit by God is en ook in die volmaakte is.

Nou kyk ons na ons verantwoordelikheid.

- Hierdie dinge is geen geestelike kinderspel nie.

- Dis die smal en harde pad van volharding in die Here Jesus Christus.
- Maar die genade is dat die Here Jesus hierdie pad met sy dood en opstanding reeds voor ons oopgebreek het.

En meer nog, die Heilige Gees maak ons verstand oop om te weet wat om te besluit en wat om te doen, as ons net ernstig genoeg is om te dink oor en te luister na wat God wil hê.

- Daar is geen enkele antwoord wat nie binne ons bereik is nie.
- Die belangrike ding is egter dat ons in die Here Jesus die krag het om te doen wat ons moet.
- Ons kan dus volhard totdat die Here kom.

Dan raak ons spanning oor ons land se toekoms meteens kleiner, want dan sien ons die almagtige krag van God wat ook ons geskiedenis oorkoepel.

- Dan beseft ons dat ons nie die geskiedenis kan dikteer nie,
- maar dat ons wel aan ons eie verhouding met God moet aandag gee,
- sodat ons, omdat ons volhard, gered kan word wanneer die Here kom.

Wanneer ons hierdie dinge beseft, dan beseft ons meteens hoe belangrik dit is dat ons verhouding met God onberispelik moet wees.

- Ons land sal nie die ewigheid oorleef nie, want God maak 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde vir die hiernamaals.
- Maar ons gaan die ewigheid oorleef – as ons volhard in die geloof en in die regte uitlewing daarvan.

Laat ons daarom in ons geloof volhard, want een van die bene van ons geloof is juis om vas te vertrou op die krag en beskikking van ons Drie-Enige God. In hierdie trou en beskikking van God is daar selfs onder die heel moeilikste omstandighede vir ons die heel beste voorsien.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 146:4 (p. 701)

- 4 Dis die HEER wat aarde en hemel, / die getuies van sy mag,
met die see en wat daar wemel, / voortgebring het deur sy krag;
wat, onwrikbaar in sy trou, / altyd sy beloftes hou.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 16 Desember 2010 Geloftefees (gepreek in GK Bellville en in Chrismar)
Hulpdienpredikant GK Clanwilliam 16 Desember 2012